The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

RUSTENBURG HERALD 2014/01/24 Page: 1

AVE: R 1528.82



Rustenburg Leeskring

RUSTENBURG - Die Rustenburg Leeskring se byeenkomste vir 2014 begin om 15:30 op Dinsdag 28 Januarie 2014 by Chestnutlaan 3, Proteapark, Rustenburg.

By hierdie geleentheid besoek plaaslike skryfster Amanda Coetzee die Leeskring om te gesels oor haar jongste twee boeke, naamlik Redemption Song en Flaming June.

Amanda is die adjunkhoof van Fields College en het die Leeskring al tevore besoek. Aangesien Amanda se boeke baie aktuele sake aanspreek, kan 'n lewendige bespreking verwag word.

Almal is welkom, al kon u nie die boek lees nie.

Ander boeke op vanjaar se program, is:

* Die bleek man op my hakke – Harriet Christou;
* Koljander – Carié Maas;
* Hartland – Deon Opperman;
* As die wind kom draai – Hans du Plessis;
* Hoogty – E Kotze;
*Die boek van toeval en toeverlaat – Ingrid Winterbach;
* Verklikker – Leon van Nierop;
* C'est la vie – Lanie van Reenen;
*'n Bekkersdal-maraton – Herman Charles Bosman (vertaal deur Francois Griebenow).

Vir verdere besonderhede kan Micky Badenhorst by (014) 533 2241 geskakel word.